AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# SAKEPLANKOMPETISIE 2026

## Udolpho-besigheidsuitdaging



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997
Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# INHOUDSOPGAWE


1 WELKOM ........ 2

2 DIE BESIGHEIDSUITDAGING ........ 2

3 JOU ROL ........ 3

4 DIE OPDRAG ........ 3

5 HUIDIGE SITUASIE ........ 3

6 WIE IS UDOLPHO? ........ 3

7 WAT IS REEDS PROBEER? ........ 4

8 BEPERKINGS ........ 4

9 JOU SAKEPLAN MOET DIE VOLGENDE BESPREEK ........ 4

10 VERTROULIKHEID ........ 5

# UDOLPHO

## 1 Welkom

Baie dankie vir jou belangstelling in die Udolpho-kategorie van Akademia se Sakeplankompetisie 2026.

Hierdie kategorie verskil van ʼn tradisionele sakeplankompetisie. In plaas daarvan om ʼn nuwe onderneming te ontwikkel, kry deelnemers die geleentheid om as onafhanklike besigheidskonsultante op te tree en oplossings vir ʼn werklike besigheidsuitdaging te ontwikkel.

Udolpho benodig vars idees, strategiese denke en praktiese oplossings wat werklik geïmplementeer kan word.

## 2 Die besigheidsuitdaging

Udolpho Rivierplaas is die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) se kultuurplaas, geleë aan die oewer van die Vaalrivier naby Parys in die Vrystaat.

Die plaas bied:

- verskeie verblyfopsies
- kamp- en woonwaplekke
- konferensiegeriewe
- ontspanningsaktiwiteite
- unieke kultuur- en erfeniservarings

Voor die Covid 19-pandemie was Udolpho ʼn finansieel volhoubare onderneming.

Sedert die pandemie het veranderde marktoestande, verhoogde bedryfskoste en laer besoekersgetalle egter daartoe gelei dat die onderneming nie na sy vorige winsgewendheid kon terugkeer nie.

Hoewel naweke, langnaweke en skoolvakansies steeds goeie besettingsvlakke toon, bly weeksdae en skoolkwartale ʼn groot uitdaging.

Hierdie lae besetting beperk die onderneming se finansiële volhoubaarheid.

## 3 Jou rol

Vir hierdie uitdaging tree jy op as ’n onafhanklike besigheidskonsultant wat deur Udolpho aangestel is.

- Jou taak is nie om ’n nuwe onderneming te begin nie.
- Jou taak is om ’n bestaande onderneming te help groei.
- Jy moet dus ’n realistiese, praktiese en finansieel uitvoerbare sakeplan ontwikkel wat Udolpho kan help om sy winsgewendheid te verbeter.

## 4 Die opdrag

Ontwikkel ’n sakeplan wat aantoon hoe Udolpho:

- die besettingsvlakke gedurende weeksdae en buite skoolvakansies kan verhoog;
- bestaande fasiliteite beter kan benut;
- nuwe of verbeterde inkomstegeleenthede kan ontwikkel;
- nuwe marksegmente kan bereik; en
- sy finansiële volhoubaarheid kan verbeter.

Die oplossing moet prakties wees en werklik deur Udolpho geïmplementeer kan word.

## 5 Huidige situasie

Die gemiddelde besetting is ongeveer 30%. Die hoogste besettingsperiode is skoolvakansies, langnaweke en gewone naweke. Die laagste besettingsperiode is weeksdae en tydens skoolkwartale. Die fasiliteite wat tans onderbenut word, is konferensiegeriewe, kampterreine en groepverblyf.

## 6 Wie is Udolpho?

Udolpho is meer as net ’n vakansieoord. Dit is die FAK se kultuurplaas waar natuur, ontspanning, geskiedenis en Afrikaner-erfenis saamkom.

Die plaas bied besoekers die geleentheid om:

- te ontspan;
- die natuur te geniet;
- die Vaalrivier te beleef;
- historiese monumente en erfenisterreine te besoek;
- kultuuraktiwiteite te ervaar; en
- konferensies, kampe en groepsgeleenthede aan te bied.

Udolpho wil homself vestig as Suid-Afrika se voorste Afrikaner-kultuurplaas waar kultuur, natuur en gemeenskap op unieke wyse saamvloei.

# 7 Wat is reeds probeer?

Udolpho gebruik tans:

- sosiale media
- LekkeSlaap
- Vakansieplekke SA

Deelnemers word aangemoedig om kreatiewe nuwe oplossings te ontwikkel wat verder strek as bestaande bemarkingsaktiwiteite.

# 8 Beperkings

Jou oplossing moet aan die volgende vereistes voldoen:

- ’n Maksimum implementeringsbegroting van **R200 000**.
- Gebruik hoofsaaklik bestaande infrastruktuur.
- Geen groot nuwe bouprojekte nie.
- Dit moet prakties uitvoerbaar wees.
- Dit moet finansieel haalbaar wees.
- Belyn met Udolpho se kultuuridentiteit en -visie.

# 9 Jou sakeplan moet die volgende bespreek

- Probleemontleding: Wat is volgens jou die kernprobleem?
- Markontleding: Watter marksegment(e) wil jy bereik? Waarom?
- Oplossing: Wat stel jy voor? Waarom gaan dit werk?
- Bemarkingstrategie: Hoe gaan jy jou teikenmark bereik?
- Finansiële uitvoerbaarheid: Wat gaan dit kos? Hoe gaan dit inkomste verhoog? Wat is die verwagte opbrengs?
- Implementeringsplan: Hoe sal Udolpho die plan uitvoer? Watter tydraamwerk stel jy voor?
- Risiko’s: Watter risiko’s bestaan? Hoe sal jy dit bestuur?
- Verwagte impak: Hoe gaan jou oplossing besetting verhoog, inkomste verbeter en Udolpho se langtermynvolhoubaarheid versterk?

## 10 Vertroulikheid

- Die inligting in hierdie dokument word uitsluitlik vir die Akademia-sakeplankompetisie beskikbaar gestel.
- Alle deelnemers word versoek om hierdie inligting vertroulik te hanteer.
- Deelnemers behou die intellektuele eiendom van hul voorstelle.
- Slegs die weninskrywing kan, in oorleg met die wenner, deur Udolpho vir verdere ontwikkeling of implementering oorweeg word.
- Inskrywings wat nie wen nie sal vertroulik hanteer word en sal nie sonder die deelnemer se toestemming gebruik of geïmplementeer word nie.

**ONS SIEN UIT DAARNA OM JOU KREATIEWE OPLOSSING TE ONTVANG**

*Hierdie is meer as ŉ kompetisie.*

*Dit is ŉ geleentheid om ŉ werklike onderneming na ŉ ander vlak*

*te help groei en ŉ betekenisvolle bydrae tot die toekoms*

*van Udolpho te lewer.*